


# Gee vir God die Eerste Plek

Om vir God die eerste plek in ons lewens te gee, is nie ‘n eenmalige gebeurtenis nie…dit is ‘n lewenslange proses vir elke Christen. Of jy nou nuut is in die geloof, en of jy nou alreeds ‘n “veteraan” volgeling van Christus is, jy gaan vind dat hierdie plan maklik is om te verstaan en te implimenteer, en dat dit ‘n hoogs effektiewe strategie is vir ‘n Christelike oorwinningslewe. Dit kom uit die volgende boek: “Out of This World: A Christian’s Guide to Growth and Purpose”, geskryf deur David J. Swandt.

Copyright © 2013 David J. Swandt. All Rights Reserved.

Published under license agreement by Twenty20 Faith, Inc. (USA). Not intended for resale. For more information visit:

www.twenty20faith.org

## “God se Plek, My Prys!”

In the eerste plek – dit is die gefokusde ambisie van almal wat klaarmaak. Maak nie saak of dit ‘n individuele of ‘n groep kompetisie is nie, die beste telling of tyd wen, en die eerste plek verseker altyd die beste prys vir dié een wat die bevoorregte onderskeiding bereik het. Dit is áltyd, maar wel met een belangrike uitsondering.

Voordat ons gered was, het ons gewoonlik die eerste plek in ons eie lewens gehandhaaf – deur vir onsself te lewe, deur ons eie selfsugtige ambisies te vervul, deur ons eie agenda te bevorder. Maar toe ons ‘n Christen geword het, het ons nie meer aan die eerste posisie vasgeklou nie; dit behoort nou aan God.

Om vir God die eerste plek in ons lewens te gee begin op die dag van ons redding, maar om vir God toe te laat om in alle areas van ons lewe eerste te bly, is ‘n proses wat nooit ophou nie. Wanneer ons dit doen, sal dit vir ons moontlik wees om

hier op aarde ‘n vervulde en geseënde lewe in Christus te lewe, en sal ons ‘n ewige lewe van onuitspreeklike seëninge saam met God in die Hemel vir altyd beërwe.

“Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike.” **1 Korinthiërs 9:25**

## “God het vir Jou die Eerste Plek in Sy Hart Gegee”

Wat sal jy dink as iemand vir jou sê dat God na jou kyk as iemand wat nooit gesondig het nie? Die feit is, weens die verlossingswerk van Christus aan die kruis, is dit presies hoe God jou sien. As Christene is ons vergewe, gereinig en vry!

Dit beteken dat jy heilig is: iemand wat ‘n spesiale posisie van geregtigheid in Christus gekry het. Jy is perfek, heilig en sonder enige blaam in God se oë. Hy noem jou sy kind, ‘n erfgenaam van sy oorvloed, en Sy vriend.

“Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.” **1 Petrus 2:9**

Om waarlik te kan verstaan hoe God ons sien, begin met hoe ons Hom sien. God hou ons nie van ‘n afstand af dop om maar net te wag dat ons ‘n fout maak sodat Hy ons kan straf nie. Niks kan verder van die waarheid af wees nie.

Dink na oor wat hierdie vers sê:

“Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.” **Johannes 1:12-13**

God sien elkeen van ons as Sy eie kosbare kind. Hy is ‘n liefdevolle Vader wat ons oorspoel met guns en sorg vanweë sy oneindige medelye. Sommige Skrifgedeeltes in Hooglied illustreer die intensiteit van God se liefde vir ons op ‘n ongelooflike wyse deur dit te vergelyk met die intieme liefde tussen ‘n man en vrou. Hebreërs 11:6 vertel vir ons dat God dié wat Hom soek, beloon.

God sien elkeen van sy kinders op ‘n heeltemal ander manier as waarop ons onsself sien. Ons verstaan van hoe God elkeen van ons sien, is gebaseer op die werk wat Christus in ons lewe begin het die oomblik toe ons ons verlossing ontvang het.

“Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom**.” 2 Korinthiërs 5:17**

“Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees**.” 2 Korinthiërs 5:21**

Hierdie nuwe skepping is God se goddelike werk; ‘n algehele verandering van ons geestelike toestand en innerlike mens. Hy het ons volledig vergewe en ons van ons sonde gereinig – verlede, hede en toekoms. Ons is nou in die regte verhouding met Hom.

“So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.” **Psalm 103:12**

Ons is God se mense wat aan Hom voorgehou word sonder enige blaam van sonde; waarlik as Sy geregverdigdes deur die werk van Jesus aan die kruis. God het inderdaad vir ons die eerste plek in Sy hart gegee!

## “God Wil Graag die Eerste Plek in Jou Hart Hê”

In vandag se semelewing baseer baie mense hulle waarde op rykdom, hoe hoog hulle op die “korporatiewe leer” geklim het, hoe suksesvol hulle besigheid is, of selfs wie hulle ken.

Maar as ons siening van waarde op hierdie dinge gebaseer is, sal ons nét goed voel oor onsself as ons suksesvol is in hierdie areas. Wanneer ons rykdom en sukses egter afneem, sal ons self-waarde óók afneem, omdat ons nie ‘n vaste fondament het nie. Jesus beskryf dit soos volg:

“Maar as iemand luister en nie doen wat Ek sê nie, is hy soos 'n man wat sy huis bo-op die grond gebou het sonder 'n fondament. Toe die vloedwater dit tref, het dit dadelik ingestort, en daardie huis het een groot puinhoop geword.” **Lukas 6:49**

Ons identiteit is net so solied soos die fondament waarop ons dit plaas. Deur ons

identiteit op die rots-vaste fondament van Jesus Christus te vestig, sal ons vervulling in die lewe nie afhanklik wees van die veranderende toestande van tydelike dinge nie.

As Christus ons fondament is, is ons stabiliteit soos volg:

“Hy is soos 'n man wat by die bou van sy huis die grond diep uitgegrawe en die fondament op die rotsbodem gelê het. Toe daar 'n oorstroming kom en die vloedwater die huis tref, kon dit hom nie beweeg nie, want die huis was goed gebou.” **Lukas 6:48**

Dink vir ‘n oomblik aan die baie moontlike keuses wat jy in die lewe het waarop jy jou fondament van waarde kan bou. Dit mag dalk rykdom wees, ‘n loopbaan, of hoe jy lyk, jou familie, jou gewildheid, jou mag, of wie jy ken. Is daar dalk ook nog ander opsies waaraan jy kan dink? Van alles waarop jy jou identiteit kan bou, is dit nét Jesus wat ons kan verseker van ‘n Christelike lewe van oorwinning.

Maar as jy die ander opsies ondersoek, is nie een van hulle sleg of inherent boos nie. In werklikheid is hulle in baie opsigte baie belangrike areas van verantwoordelikheid wat God vir ons in ons lewens gegee het. Maar in Mattheus help Jesus ons om die balans te vind:

“Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?” **Mattheus 6:25-26**

Wanneer ons hierdie waarheid in ons eie lewens opneem, vind ons vrede en vervulling, vry van bekommernis en angs. Hierdie balans word bereik wanneer ons Jesus eerste stel in al die areas van ons lewens.

“Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God,

dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”
**Mattheus 6:33**

Ons het almal drome, doele en begeertes omdat God ons so geskape het. Maar as jy Jesus eerste plaas, sal dit jou daartoe lei om jou prioriteite en motiewe waarom jy die dinge wat jy begeer wil doen of hê, te ondersoek. As Hy eerste is in jou drome en begeertes, sal jou toekoms gevul wees met vreugde en grootheid!

As God jou aandag fokus op ‘n motief wat bevraagteken kan word, is dit van die grootste belang dat jy gewillig sal wees om veranderings aan te bring. Verandering kan moeilik wees met tye, maar God het altyd die beste vir ons in gedagte, en wil hê dat ons geestelike sal groei.

**“Om die Lewe se Gevegte te Wen met God se Hulp”**

Daar is ‘n lewenslange geveg wat oor ons lewens gevoer word. Aan die een kant is dit die invloed van daardie ou sondige natuur – daardie ou voortslepende neigings, versoekings en sonde wat moeilik vir ons is om te oorkom. Oor tyd heen, soos wat ons volwasse word gedurende ons reis saam met God, verswak die invloed van die sondige natuur. Aan die ander kant is daar die groeiende invloed van die Heilige Gees se teenwoordigheid in ons lewens. Hierdie is twee teenstrydige kragte soos wat dit beskryf word in Galasiërs:

“Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor

mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.” **Galasiërs 5:16-17**

Dikwels word dit makliker gesê as gedoen. Ons sondige natuur dwing ons om besluite te neem om ons self-gesentreerde begeertes en passies te bevredig. Dit word versoeking genoem, en Jakobus beskryf dit soos volg:

“Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep.” **Jakobus 1:13-14**

Sodra ons ‘n besluit neem om toe te gee aan die versoeking, word dit sonde.

“Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.” **Jakobus 1:15**

Tog is dit só ongelooflik dat God, as deel van sy diepe liefde en genade wat Hy vir alle Christene het, ons vergewe en reinig

van al ons sondes. Ons is absoluut 100% vergewe.

“Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.” **1 Johannes 1:9**

Maar dit is steeds ‘n gevaar om toe te laat dat sonde ongehinderd kan voortgaan. Terwyl God ons vergewe en reinig, verwyder Hy nie noodwendig die vernietigende pad van gevolge en omstandighede wat sonde agterlaat nie. Terwyl God ons altyd sal help deur moeilike tye, selfs as dit deur ons eie keuses veroorsaak word, is dit steeds die beste om alles in ons vermoë te doen om die neem van sulke besluite in die eerste plek te vermy.

1 Korinthiërs beskryf twee belangrike aspekte wanneer ons met versoeking en sonde te doen het:

“Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle

bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.” **1 Korinthiërs 10:13**

Eerstens is dit dat ons nie alleen in ons stryd is nie. Jy kan weet dat daar ander Christene is, of hulle nou 30 dae of al 30 jaar saam met God reis, wat steeds worstel met sonde en versoekings soortgelyk aan joune.

Tweedens, God sal nie toelaat dat ons versoek word bo die punt waar ons moeilik ‘n besluit kan maak om die sonde te vermy nie. Hy sal altyd ‘n manier voorsien om te kan ontsnap. Ons taak is, al is dit ook hóé uitdagend, om hierdie weg uit die oomblik van ons versoeking uit te vind.

Die volgende afdeling voorsien ‘n Bybel-gebaseerde strategie om sonde en versoeking effektief te hanteer. Deur hierdie plan in aksie te sit, is nog ‘n manier om God die eerste plek in jou lewe te gee!

## “Vyf Punt Strategie om met Oorwinning te Lewe”

Hierdie afdeling verskaf ‘n 5-punt Bybelsgebaseerde strategie vir die effektiewe hantering van sonde en versoeking. Deur hierdie plan in werking te stel, is nóg ‘n manier om God eerste in jou lewe te plaas!

1. VERSTAAN DAT GOD JOU SIEN AS PERFEK, HEILIG EN SONDER BLAAM, deur die werk van Jesus Christus. (Lees **2 Korinthiërs 5:21**.) Dikwels is gevoelens van skuld en skaamte die mees destruktiewe gevolge van sonde. Verstaan dat daar geen veroordeling is vir dié wat in Christus is nie, ongeag die sonde. Dit is fundamenteel vir oorwinning (**Romeine 8:1**).

2. BELY JOU SONDE. (Lees **1 Johannes 1:9**.) Om ons sonde te bely beteken om heel eerste hierdie sonde in ons eie harte en gedagtes te erken, en om dit dan teenoor God te bely. Die belydenis

van sonde beteken nie noodwendig om dit aan ander bekend te maak nie. Belydenis is iets wat tussen jou en God gebeur.

3. WEES AANSPREEKLIK. (Lees **Jakobus 5:16**.) Vind ‘n Christen vriend naby aan jou wat jy kan vertrou. Dit kan ‘n pastoor of familielid wees teenoor wie jy kan oopmaak – dit is ‘n effektiewe manier om aanspreeklikheid en gebedsondersteuning deel te maak van die stryd.

4. VERMY BRONNE VAN VERSOEKING. (Lees **Jakobus 1:13-15**.) Hierdie is die mees uitdagende punt om te implimenteer en vra kreatiewe denke en beplanning. Die waarheid is dat as jy die versoeking kan vermy, jy ook die sonde vermy.

5. LEES GOD SE WOORD. (Lees **Psalm 119:11**.) God se Woord vertel ons basies dat as ons dit “wegsteek in ons hart,” dit vir ons spesiale krag gee om nee te kan sê vir versoeking en sonde.